

Vrydag 16 September

Skrifgedeelte: Daniël 7 (AFR53/83)

Fokusgedeelte: Daniël 7:23-27

Wees op julle hoede!

In Daniël 7 word daar vir ons 'n oorsig gegee oor die wêreldgeskiedenis. Ons moet fyn oplet dat hoofstuk 7 (anders as hoofstuk 2) die perspektief van die *vier koninkryke beskryf vanuit God se oogpunt*. Daar is vier afgryslieke diere wat in hierdie gesig die een na die ander in die wêreld (deur die geskiedenis) uitklim. Die vierde dier (in die lig van ons fokusgedeelte) was *anders* as AL die ander. Hierdie koninkryk verwys na die Romeinse Ryk en sal voortduur tot en met die wederkoms van Christus. Die sluier word vir ons hier vir 'n oomblik opgelig sodat ons die nuus agter die nuus kan raaksien. In ons taal ... die vuis agter die vuis ... die antichris (daarvan lees ons in vers 25). *Hierdie ANTICHRIS sal met alles teenoor Christus in opstand wees*. Hy sal poog om die kerk van Christus (gelowiges) op 'n dwaalspoor te plaas. Hy staan TEENoor Christus, daarom óók teenoor die Bruid van Christus, sy kerk (Op. 12:17).

Wat ons as gelowiges moet wéét (geloofskennis) is dat Daniël 7:25 ons leer dat die antichris *ten eerste* teen die Allerhoogste spreek (laster). *Ten tweede* mishandel hy die gelowiges (vervolging op elke gebied denkbaar). *Ten derde* sal hy as wettelose optree. Hy sal alles in die stryd werp om die skeppingsorde van God onrespekvol en met geen ontsag te behandel.

Ons word deur die Woord, uit God se liefde en genade, gewaarsku sodat ons op ons hoede moet wees, voorbereid moet wees, toegerus moet wees, want, sê Matteus 24:12: *Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel*. Bid dat die Heilige Gees jou gees (verhouding tot God en jou naaste) sal verander om aan die een kant op jou hoede te wees vir die listige aanslae van die bose, maar ook om aan die ander kant jouself geestelik toe te rus om nie onkant gevang te word vanweë 'n gebrek aan geloofskennis nie.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. GJ Erasmus (Gert) (Pretoria-Magalieskruin)